higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T70**(A)**(J31)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N1

(11010091)

31 Julie 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Staalwinkelhaak word gebruik om hoeke reguit te maak.

1.1.2 'n Maatstok word gebruik om seker te maak dat al die hoeke van die gebou ewe hoog is by voltooiing.

1.1.3 'n Kort voegstryker word gebruik om is strykvoeë te maak.

1.1.4 Koolborsels ('*block brushes*') word gebruik om godspleister af te werk.

1.1.5 Kalklyne word gebruik om 'n reguit lyn op 'n oppervlak te merk.

1.1.6 Voegstryking is die proses om die vlak van die voeg af te werk soos die werk vorder.

1.1.7 Spanwydte is die afstand tussen ekstrados en intrados.

1.1.8 'n Voglaag word gebruik om vog onder 'n sementblad te verhoed.

1.1.9 Wanneer 'n rowwe boog gebou word, word die boogstene op die ekstrados gemerk.

1.1.10 Dagha is 'n mengsel van sand, klip, sement en water.

(10 × 1) (10)

1.2 Noem VYF stukke gereedskap waarmee 'n mens bakstene kan sny. (5)

1.3 Dit is uiters belangrik dat die kontrakteur seker maak dat die mure van 'n gebou ewe hoog is by voltooiing. Dus moet 'n maatstok gebruik word om die hoogte te bepaal.

Beskryf hoe jy 'n maatstok sal afmerk. (5)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Druktoetse word uitgevoer om die gehalte van die beton te toets wat benodig word. Om hierdie toets uit te voer, moet DRIE toetse gedoen word.

Verduidelik die prosedure om hierdie toetsblokke te maak. (14)

2.2 Omskryf die term *bymengsels*. (3)

2.3 Noem DRIE tipes bymengsels wat by beton gevoeg word. (3)
[20]

VRAAG 3

Teken tot 'n benaderde skaal 1 : 10 die afwisselende planlaag van 'n een-baksteen T-aansluiting in strykverband. **[20]**

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die verskil tussen *voorafgegiete* beton en *in situ* beton. (4)

4.2 Verduidelik VIER punte om te onthou wanneer 'n boog gebou word. (4)

4.3 Noem die DRIE klassifikasies van boë. (3)

4.4 Wanneer die keël verwyder word nadat die saktoets uitgevoer is, kan die beton wat getoets is een van DRIE vorms aanneem.

Noem en teken die DRIE moontlike vorms. (9)
[20]

VRAAG 5

5.1 Beskryf hoe sement vervaardig word. (4)

5.2 Noem SES verskillende tipes sement. (6)

5.3 Noem AGT basiese vorms van Griekse lyswerk ('*mouldings*'). (8)

5.4 Gee die afmetings van 'n driekwart passteen. (2)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou